NUWE PROSEDURE SUKSESVOL

Aambeie só gedokter

'n Nuwe prosedure om aambeie te behandel is onlangs vir die eerste keer met groot sukses in Netcare-hospitale in Johannesburg en Kaapstad uitgevoer.

Die radioloë dr. Gary Sudwarts en dr. Maja Wojno het die nuwe metode, wat reeds vir 'n aantal jare in die buiteland toegepas word, in die Netcare Park Lane-hospitaal in Johannesburg en die Universiteit van Kaapstad se private akademiese hospitaal uitgevoer.

"Hierdie benadering het 'n aantal voordele bo die chirurgiese verwydering van aambeie. Nie net is dit pynloos nie, maar die tyd wat dit neem vir 'n pasiënt om ten volle te herstel is aansienlik korter," sê Sudwarts.

Die nuwe prosedure behels die blokkering van die bloedvate wat die aambeie van bloed voorsien. Die resultaat is dat die aambeie krimp en uiteindelik verdwyn.

Volgens Sudwarts sukkel heelwat mense op een of ander tydstip in hul lewe met aambeie, wat hy definieer as niks anders nie as geswelde bloedvate in die anus.

"Aambeie ontwikkel aan die binnekant van die anus of aan die buitekant van die ringspier. Dit kan tot ongemak, pyn, 'n aanhoudende gejeuk rondom die anus en swelling lei.

In die meeste gevalle gaan dié simptome vanself weg deur jou lewenstyl en dieet aan te pas en medisyne, wat oor die toonbank verkrygbaar is, te gebruik.

In meer ernstige gevalle is chirurgiese ingryping egter nodig wanneer die aambeie nie self reduseer nie en net groter en meer pynlik word," sê Sudwarts, wie se praktyk die eerste op die kontinent is om die nuwe behandelingsmetode aan pasiënte te bied.

Spesialiste gebruik aanvanklik 'n rubberband wat hul oor die vergrote aambeie-aar plaas, maar in sommige gevalle is dit nodig om die aambeie chirurgies te verwyder, wat in mediese kringe as 'n hemoroïdektomie bekend staan.

"Dié metode kan met erge pyn gepaardgaan en dit kan die pasiënt twee weke of selfs langer neem om ten volle te herstel. In sommige gevalle bestaan daar ook die moontlikheid dat die aambeie sal terugkeer. Die nuwe prosedure stel pasiënte in staat om dieselfde dag nog uit die hospitaal ontslaan te word, met geringe of geen pyn."

Volgens Sudwarts takel verreweg die meeste mense wat met aambeie sukkel,nie die probleem voordat dit in 'n baie gevorderde stadium is nie.

" 'n Persoon wat erge pyn en ongemak in die anale area ervaar met gepaardgaande bloeding moet dadelik hul dokter gaan spreek. Daar is nou 'n veiliger en minder pynlike opsie om van aambeie ontslae te raak," sê Sudwarts.